


Ons skop af met ons reeks vir die kwartaal. Die reeks bou op na Paasnaweek wat ten diepste wys wat die hart van ons geloof is. Ons wil egter weet ons lewe wys dat ons verstaan wat Jesus kom doen het en seker maak ons lewe reflekteer ons keuse om Sy liefde en genade te aanvaar. Die reeks gaan eintlik oor dissipelskap - hoe lyk iemand wat sê hulle is 'n Jesus-volger?

**INLEIDING (YSBREKER)**

Laat elkeen deel:

- Beste aksie waar jy ooit was?
- Slegste / awkward aksie?
- Wat is die vreemdste aksietema wat jy al gesien het?

Ons metafoor die week is om ook aan die lewe te dink as 'n aksie waarvoor jy opdaag.

**In hierdie lewe kry jy twee uitnodigings gelyk.**

**Uitnodiging 1: EK-AKSIE**

- As jou lewenstema EK-AKSIE is - gaan jou lewe oor jou.
- Doel van jou lewe is om soveel moontlik van jou eie begeertes te bevredig.

**Uitnodiging 2: JESUS-AKSIE**

- Uitnodiging om Jesus te volg.
- Dan is doel van jou lewe om in alles wat jy doen in jouself te sterf en volkome toegewyd aan Jesus te leef.

- aksie meer as net event wat bywoon:
  - Woord aksie beteken ook iets wat doen, of tipe beweging - **neem aksie.**

Paulus help ons om te verstaan wat die uitnodiging van Jesus behels

**Kolossense 3:1-4**

*1Aangesien julle saam met Christus uit die dood opgewek is, moet julle strewe na die dinge daarbo waar Christus is, waar Hy aan die regterhand van God sit. 2Rig julle gedagtes op die dinge wat daarbo is, nie op die dinge wat op die aarde is nie, 3want julle het gesterwe, en julle lewe is saam met Christus verborge in God.*

**BESPREKING:**

**EK-AKSIE vs JESUS-AKSIE**

- Hoe sou jy die twee temas beskryf (veral as jy die teks as riglyn gebruik)

| EK-AKSIE | JESUS-AKSIE |
|---|---|
| My wil | Jesus se wil |
| Self | Self-oorgee |
| Nou | Ewigheid |

- Hoekom is EK-aksie so aantreklik vir studente?

Paulus sê ons moet ons gedagtes rig na die dinge wat daarbo is - ons het in die diens ook die beeld van "ewigheid as die *backdrop* waarteen jou lewe afspeel"

- Hoe help dit jou anders dink aan die manier hoe jy leef en praat?

Lees **Kolossense 3:5-17**

Paulus gebruik in die grieks die uitdrukking dat ons die ou klere moet uittrek en die nuwe klere moet aantrek.
Dit bring ons by ons tema van KIES WATSE AKSIE JY WIL BYWOON.

Vir die doel van ons gesprek die week wil ons nie noodwendig te diep ingaan op elkeen van die beskrywings van die ou en nuwe klere nie. Maar eerder die realiteit dat as ek ja se vir die Jesus-aksie daar 'n sekere aksiepakkie is wat pas. Ons het in die diens ook gesê 'n goeie aksiepakkie is een wat mense kan raai sonder dat ek dit hoef te verduidelik.

- **As mense jou lewe moes "raai": Wat dink jy sal hulle sê is jou tema?**

Een van die grootste leuens wat ons glo is dat ons beide gelyk kan leef. Dit bring 'n tipe Dubbel-lewe.

- **Hoekom probeer ons beide temas leef?**
  - FOMO?
  - Sosiale druk?
  - Identiteitsonsekerheid?

- Werk dit regtig?
- Wat gebeur met iemand wat tussen twee wêrelde leef?
- Gesels bietjie oor hoe jy dink of waar jy sien dan "skape in wolfsklere" of "wolwe in skaapsklere" leef?
- Hoekom is dit so gevaarlik vir die kerk en confusing vir die wêreld?

**Daar is nie so 'n opsie in die Woord nie. God sê ons moet kies.**

**Jakobus 4:4**

*4Weet julle nie, julle ontroues, dat vriendskap met die wêreld vyandskap teen God is nie? Wie 'n vriend van die wêreld wil wees, wys daarmee dat hy 'n vyand van God is.*

- Hoekom is die Bybel so radikaal hier?
- Hoe voel hierdie vers vir jou:
  - uitdagend?
  - ongemaklik?
  - onregverdig?
  - bevrydend?

**PERSOONLIKE REFLEKSIE**

Elkeen kan self hierdie bedink of jul kan dit bespreek:

Voltooi eerlik:

- **My lewe voel tans meestal soos…**

☐ EK-aksie

☐ JESUS-aksie

☐ Mengsel van beide

- Die grootste spanning in my geloof tans is…
- Die area waar my "klere nie pas nie" is…

**DIS TYD OM TE KIES**

- Jesus het ook 'n aksiepakkie aangetrek. Bespreek dit soos ons dit in die diens uiteengesit het:
- Jesus kies om klere van Godheid uit te trek en klere van mens aan te trek.
- Hy kom leef 'n perfekte lewe - wys hoe ons moet lyk as ons in Hom glo.

- Hy. kies om weer kaalgestroop te word aan die kruis en die klere van sonde en dood aan te trek sodat ons nie hoef nie.
- Hy daal na die hel en oorwin die mag van sonde en dood
- Hy staan op uit die dood en trek die klere van ewigheid aan sodat ons dit ook kan doen.
- Hy vaar op na die hemel en Hy trek die klere van 'n Koning aan, wat heilig is en wat heers.

As jy dit alles glo maar jy leef nog in twee wêrelde - **dan glo jy dit nie regtig nie.**

Dan is jy nie in 'n verhouding met God nie - jy is in 'n ***"situationship"*** met God.

- Hoe sien jy in jou eie lewe en in die kerk om jou wat gebeur as ek ipv 'n verhouding eerder in 'n situationship met God leef?
- Is dit vir God genoeg?

**Romeine 12:1**

*1En nou doen ek 'n beroep op julle, broers, op grond van die groot ontferming van God: Gee julleself aan God as lewende en heilige offers wat vir Hom aanneemlik is. Dit is die wesenlike van die godsdiens wat julle moet beoefen.*

Dit beteken ek moet 'n duidelike keuse maak vir watter aksie ek ja sê en opdaag. Dit het ook 'n invloed op hoe my aksiepakkie dan lyk.

- Paulus beklemtoon in Kolossense 3 weer die belang van *community*
- Hoe sal dit lyk as ons mekaar meer in liefde *accountable* hou?
    - hoe sal dit lyk as ons in die alledaagse vir mekaar kan sê: *wat jy nou doen lyk of jy leef vir 'n Ek-aksie*
    - of mekaar aanmoedig deur te sê: *wat jy nou doen lyk of jy leef vir die Jesus-aksie?*

- Hoe kan ons mekaar beskerm en beter perspektief gee op onsself?
- Wat sal die mense die naaste aan jou sê is die TEMA van jou lewe?

**TEN SLOTTE:**

Wie voel 2026 vra ’n duideliker keuse?

As jul groep ja sê kan jul commit om mekaar die week meer uit te daag:

**“Tema Check Challenge”**

Hierdie week let doelbewus op hoe lyk jou:

- keuses
- reaksies
- gesprekke
- prioriteite

Vra jouself daagliks:

**“Die wêreld gaan my vra: ‘Wat is jou lewens se tema?’**

**Sal jou lewe kan antwoord - nog voor jy ’n woord sê.”**

**GEBED**

Gee geleentheid vir laaste gedagtes.

Vra waarvoor kan julle vir elkeen bid:

- om nog werklik te kies
- om ou klere en gewoontes uit te trek?
- om te volhard om ’n lewe te leef wat pas by iemand wat glo in ewigheid.